

Ons bevestig vanaand tydens die erediens lidmate in die dienswerk van diakens. Ons dank die Here dat Hy mense stuur om die dienswerk in sy gemeente te verrig.

**Tema: Alleen 'n lewe van selfverloëning bring genadige beloning.**

**Lofsang met die oog op die erediens**

Lied 190: 1, 2, 3

**God ontmoet ons in die erediens**

Intreelied Ps. 93-2: 1, 2, 5 (Mel van Lied 582)

Votum

Seën

Loflied Ps. 99-2: 1, 2, 4

Gebed

**God praat met ons**

Skriflesing: Johannes 12: 20 - 28

Heidelbergse Kategismus Sondag 49

Woordverkondiging

**Ons antwoord die Here**

Gebed

Bevestiging van diakens

Sing Ps. 134-1: 4

Liefdegawe

Sing Sb 10-1: 1, 2

Seën

Amenlied Sb 13-3.

Bevestig:

Ria Robberts

Shantell Andersen

Japie Visser

Jurgen Schreck

Marinus Lazenby

Zak van Heerden?

## **Wat beskou jy as sukses?**

Sukses word gewoonlik gemeet aan wins, vermeerdering of groei wat ek as mens in een of ander faset van my lewe bereik het. Dit word gemeet in terme van positiewe resultate, oorwinning, toe-eiening en vordering wat ek gemaak het. My sukses word gemeet teen ander mense en die prestasies of sukses wat hulle nie sou behaal het nie. Dat ek meer en beter gedoen het as iemand anders en dit word as my sukses beskryf.

Brs. en srs., hier in ons teksverse teken Jesus egter vir ons die ware maatstaf vir 'n suksesvolle lewe: nl.: of jy jouself verloën het. Dit is die enigste maatstaf in die Koninkryk van God vir 'n suksesvolle lewe. **Die vraag of jy jouself verloën het en in die skaduwee van Christus geleef het. Die vraag of jy die voorbeeld van Christus volg. Of jy Hom bo alles liefhet en jou hele lewe in sy diens gee.**

**Brs en srs, anders as waaraan ons gewoond is, word jou sukses in die Koninkryk van God word dus nie gemeet aan wat jy bereik het nie, maar aan wat jy bereid was om te verloor, om prys te gee.**

**Want alleen deur selfverloëning lewer jou lewe 'n ryk oes op, word dit beloon, is dit suksesvol.** Dit is wat die Here ons vanaand wil leer: **deur selfverloëning kom genadige beloning.**

**Geliefde gemeente, dit is waarvoor ons bid as ons die derde bede bid. Om te bid** “laat u wil geskied” beteken: gee dat ek my wil verloën en doen wat u wil hê ek moet doen – sonder teëpraat. Dat ek so gewillig soos die engele in die hemel doen wat u vra. Wanneer ek en jy so leef, dan is ons lewe suksesvol.

Die Here Jesus se koninklike intog in Jerusalem waartydens die mense Hom as koning besing het en hulle klere voor Hom die pad gegooi het, **laat dit op die oog af lyk asof Christus se lewe baie suksesvol was.** Dit het sekerlik vir die dissipels ook so gevoel. Uiteindelik na alles wat hulle al beleef het, na die vervolging van die Fariseërs en die feit dat hulle saam met Christus al moes vlug vir hulle lewe, was hulle seker in die wolke oor die koninklike ontvangs wat Christus te beurt geval het. Die verwysing na die Grieke wat Hom wou spreek dui daarop dat sy boodskap al ver buite die grense van Jerusalem weerklink gevind het en dat die tyd nou ryp is vir die finale oorwinning. Dit het in die dissipels en die skare se hart gelewe: hier is die oomblik van sukses nou!

**Maar dan gooi Jesus koue water oor die hele situasie.** Ja, sê Hy, die tyd het gekom dat Hy verheerlik moet word, maar glad nie op die manier wat hulle gedink het nie. Die sukses van Jesus se lewe lê nie in die feit dat Hy 'n koning genoem word nie, maar dat Hy vir mense moet sterf.

En dan gebruik die Here Jesus die vb. van 'n koringkorrel wat eers in die grond gesaai moet word, eers as't ware moet sterf, voordat dit vrug kan dra. So is dit ook met Hom. **Hy**

**moet eers sterwe voordat sy lewe suksesvol kan wees. Die sukses van sy sending lê in sy selfverloëning. Eers die kruis, dan die kroon.**

So sou sy glorie kom: deur aan die kruis vir sy volk te ly en te sterf. **Vir ons klink dit teenstrydig: hoe kom glorie deur te sterf?** Maar dit was die doel van sy koms na die aarde. In vers 27 sê Hy dit: sy verheerliking lê daarin dat Hy sy lewe aflê en so vir sy volk se sondes betaal. Maar sy verheerliking lê nie net in die kruis nie, maar veral in die opstanding. En met sy hemelvaart waar Hy die Koningskap oor die wêreld sou ontvang.

**Maar om dit alles te bereik moes Hy Homself verloën. In sy selfverloëning lê sy verheerliking. En dit was nie 'n maklike pad nie. In vers 27 is die Here Jesus diep ontsteld oor hierdie pad wat Hy moes loop. Bewend in sy binneste, bring die Paasfees hierdie selfondersoek en bewussyn in Hom. Selfverloëning is nooit maklik nie. Sy pad was 'n pad van fisiese en geestelike lyding. En wanneer Jesus hier in hierdie oomblikke vooraf daaraan dink, dan is Hy diep ontsteld, maar Hy weet dit is die enigste pad: selfverloëning bring die oes, die beloning. Daarvoor is Hy deur die Vader gestuur en dit moet Hy volbring.**

**Geliefde brs. en srs., hierdie daad van Christus kan alleen vir my en jou volle betekenis kry as ons dieselfde pad as die Here Jesus loop.** Ek kan die ware betekenis hiervan slegs verstaan as ek ook die pad van selfverloëning loop. My lewe is alleen waarlik suksesvol as ek die pad van die Here Jesus loop.

Jesus maak dit in verse 25 en 26 baie duidelik.

**As ek hierdie lewe bo Christus liefhet, is ek 'n mislukking.** Dan verloor ek my lewe. Maar as ek myself verloën en Christus bo alles liefhet, dan kry my lewe ware betekenis. As ek Christus volg en Hom dien, dan is ek suksesvol in alles wat ek doen. Ek moet wees waar Hy is, ek moet in sy skaduwee leef.

**Wat hou hierdie selfverloëning vir ons in?**

Dit beteken dat ek myself en alles in hierdie wêreld as van minder belang beskou en Christus as my enigste Saligmaker bo alles liefhet. Dat ek onvoorwaardelik glo dat Hy juis op hierdie wyse, deur Homself prys te gee, die ware lewe vir my gegee het. En so moet ek ook doen. Myself vir Hom prysgee.

Dit is die beginsel.

**Hoe werk dit in die praktyk?**

Dat dit in my lewe nie om myself gaan nie - nie oor my gesin, my werk, my geld of ideale nie, **maar oor gehoorsaamheid aan Christus.** Hy sê dit in vers 26: dat ek Hom sal dien en volg.

**Brs. en srs. dit is nie 'n maklike pad nie,** maar dit is die enigste pad waarmee ons kan deel aan die ware suksesvolle lewe wat Christus vir ons verwerf het. **Deur my lewe te verloor gaan ek dit behou.**

Christus staan dan vir my eerste:

- dit gaan nie oor my in hierdie wêreld nie, maar oor wat ek vir Hom doen.
- my gesin kom dan nie eerste nie, maar hoe ons as gesin aan die Here gehoorsaam is,
- my geld en besittings is dan nie myne nie, dit behoort aan Hom en moet aan Hom diensbaar wees.
- ek streef dan nie in my werk na groot hoogtes en ideale omdat ek vooruit wil kom nie, maar omdat ek daardeur sy Koninkryk nog beter kan bou.
- dan gaan dit nie meer bloot oor my kinders se toekoms en opvoeding nie, maar hoe ek hulle kan begelei om diensknegte van Christus te wees.
- Hierdie pad van selfverloëning bring mee dat ek mense na Jesus bring en hulle nie aan my geloof of kerk wil bind nie.

Brs. en srs., in 'n tyd van mensverheerliking, in 'n wêreld van materialisme waar die geluk van die mens voorop gestel word, waar sukses bo alles beteken dat ek meer en meer word - verwag die Here van ons om te bid: **Here, Laat u Koninkryk kom!** Nie my koninkryk en my sukses nie – maar die pad van U koninkryk: die pad van lyding, opoffering en selfverloëning.

**En ons weet dat dit nie maklik is nie. Ons weet wat dit beteken: dit beteken volle oorgawe aan die Here, ek gee alles prys:** alles wat ek is en het staan diensbaar aan die Here. **Hy moet dit vir Hom gebruik, dit is nie myne nie.** Dit beteken nie dat alles wat ek is en het geen waarde het nie, maar ek verloor dit in die sin dat dit alles nie aan myself diensbaar staan nie – maar aan Christus. Dan is my lewe suksesvol.

**Dit is asof 'n mens hieroor ontsteld wil word** soos die Here Jesus ontsteld geword het op daardie Paasfees toe Hy tot hierdie selfbesef kom. **Is dit die prys?** Ja, dit is die prys as ek wil deel aan 'n heerlike en ongelooflike oes wat Hy vir my bewerk het. En onthou: Hy het die verlossing bewerk, die prys wat ek betaal is nie om dit te bewerk nie, maar om daaraan te kan deel. Om in sy skaduwee te wees- naby aan Hom te wees, te wees waar Hy is. Ja dan is ek regtig suksesvol.

**Daarom sê die Here Jesus: wie hierdie pad loop hom of haar sal sy Vader eer. Ja,** dan ontvang ons die enigste erkenning in hierdie lewe wat die moeite werd is, as ons hemelse Vader vir ons sê: mooi so – jy het alles verloor : ek gee jou die koningskap oor die wêreld saam met Christus. **Dit is sukses : om deur God beloon te word en nie deur die wêreld nie.** Sy beloning is ook die enigste beloning wat ewigheidswaarde het. 'n Lewe van beloning saam met God!

Ten slotte: Brs en srs, Julius Malema en ander grondgrypers vra eintlik min! Hulle vra net grond! Dis niks in vergelyking met wat Jesus van jou vra nie! Hy vra alles! Hy vra 'n lewe van totale selfverloëning! Niemand van ons wil ons grond vir Malema gee nie, maar die vraag is:

Is ons bereid om ons hele lewe vir Christus te gee?

Brs en srs, as ons dan waarlik suksesvol wil wees, kom ons leer dan weer om te bid :  
Vader, laat u wil geskied – dit is: laat ek my wil prysgee en die pad van ons Here Jesus  
loop. Ja, ons bly in sy skaduwee en ons weet: ek het alles prysgegee, om dit wat regtig  
saak maak te ontvang : 'n lewe van beloning in Christus.

Amen.